Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Toppunt van rassisme in polisie

Die redakteur:

Die ANC wil die indruk wek dat hulle aan die voorpunt is as dit kom by gelyke regte en gelyke geleenthede vir vroue. As mens kyk wat onlangs in die parlement in Indië gebeur het, waar parlementslede 'n wetsontwerp opgeskeur en mikrofone beskadig het, omdat die wetsontwerp voorsiening wil maak dat 'n derde van Indië se parlementslede vroue moet wees, dan kan dit lyk asof die ANC aan die voorpunt is met hulle 50% vroue as parlementslede en ministers.

Die werklikheid in SA is egter dat daar gevra moet word of daar onderskeid getref word tussen kleur en ras. In SA is daar 'n aanslag teen wit vroue en geniet hulle nie gelyke regte en veral nie gelyke geleenthede nie. Dit blyk baie duidelik uit die huidige direkteur-generaal van Arbeid, Jimmy Manyi, as president van die Black Management Forum sê dat wit vroue uitgesluit moet word by die bevoordeling wat betref regstellende aksie. Hier word dus blatant 'n onderskeid gemaak op grond van ras teen wit vroue.

Mens sal graag die minister van polisie wil vra hoekom moet 'n wit vrou naamlik, kapt Renate Barnard, vir vyf jaar 'n stryd voer om bevorder te word in die polisie. Sy voldoen aan al die vereistes en is al twee keer goedgekeur vir die pos en daar is geen ander geskikte swart kandidate vir die pos nie, maar die polisie weier om haar te bevorder. As die minister sê hy ondersteun die beleid van die ANC van "gelykte regte en gelykte geleenthede vir vroue" dan behoort hy in te gryp by die polisie se appèlaansoek teen die uitspraak van die Arbeidshof ten gunste van kapt Barnard. As die ANC ernstig is oor vroueregte, moet die polisie die appelaansoek onmiddellik staak. Selfs die hof het gesê die nie-bevordering kom neer op rassisme. Die ANC se aanspraak dat hulle vroueregte beskerm geld duidelik net vir swart vroue.

Die vroulike parlementslede van die ANC wat so hard baklei vir vroueregte behoort op te staan en die ANC-regering te beïnvloed om kapt Barnard te laat bevorder omdat sy dit verdien. Wit vroue in Suid-Afrika maak 'n groot bydrae in die ekonomie en die opbou van SA tot almal se voordeel. Dit is daarom onaanvaarbaar dat die ANC-regering regstellende aksie misbruik om rassisme te bevorder en om wit vroue uit poste te hou waar hulle groot bydraes vir die opbou van die land kan lewer.

Dit word nou weer opnuut bewys dat die polisie die mees rassistiese organisasie in Suid-Afrika is. Dit is een van die hoofoorsake waarom kriminele die land regeer en die polisie in duie gestort het.

EE Vosloo

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.

Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

Standpunt

ANC sê Malema-haatspraak is onskuldig...

Nou weet ons dit... Haatspraak is net van toepassing wanneer Bok van Blerk sy Delarey-liedjie sing; wanneer 'n wit beampte van 'n sekuriteitsmaatskappy (dalk per ongeluk?) 'n liedjie met 'n beweerde rassistiese ondertoon by 'n openbare geleentheid speel. Dit is net van toepassing wanneer witmense die gewraakte k-woord gebruik.

Maar nee, as Julius Malema sy ondersteuners in die openbaar aanhits deur te sê: Maak die boere dood - hulle is verkragters!", is dit nie haatspraak nie, nee, dit is bloot 'n tradisionele liedjie, deel van die struggle, nee, dit is simbolies...

Ja, ons moes dit seker geweet het nê?

Ons weet Suid-Afrikaners is eindeloos moeg vir negatiwiteit, vir slegte nuus, vir moord en doodslag, vir mor en kla, maar helaas, as ons vandag rondom ons kyk en mooi sien wat besig is om met ons en om ons te gebeur, jammer mense, dan lyk die prentjie maar droewig...

Dit is darem maar net eenvoudig ongelooflik tragies hoe dinge in dié land die afgelope nagenoeg 15 jaar onder ANC-bewind agteruit gegaan het. Hoe standaarde op alle vlakke van ons samelewing toegelaat is om te verval, hoe diens op feitlik alle vlakke van ons samelewing ineengestort het en hoe blatante rassisme deesdae in alle sektore van die land aan die orde van die dag is.

Nee, ons moes geweet het, en indien ons nie het nie, moet ons dit nou weet: Jacob Zuma, Gwede Mantashe, Julius Malema en ja, kom ons sê dit nou maar - die ANC in geheel - voel vere vir witmense in die land en oor die afgelope jaar of wat is daar behoorlik moeite gedoen om dit te demonstreer. (Watter leier van die ANCYL het in elk geval hoegenaamd ooit enigiets positiefs rondom witmense in dié land te sê gehad?)

Indien daar nog mense is wat enigsens hieroor twyfel, is dit nou die tyd om die twyfel agter ons te sit en te begin besin oor 'n wêreld waarin die rol van die witman al hoe meer niksseggend begin word, waarin dit wat vir hom dierbaar is onbeskaamd aangetas en geskend word, waarin sy regte misken en vertrap word en waarin sy rol in die bou, ja selfs die heropbou van Suid-Afrika, verwerp en geïgnoreer word.

Nee, 'n mens kan dalk nie sê ons het 'n fout gemaak om Nelson Mandela te vertrou nie maar dit blyk toenemend dat dié sektor van die samelewing waarin Zuma, Mantashe, Malema en Kie nie werklik belangstel nie, 'n groot fout maak indien hulle gemeen het dat hulle die regerende party kan vertrou.

Mandela het soos Martin Luther King 'n droom gehad. Maar hy het ook visie gehad en 'n plan om die visie en droom te verwesenlik. In dié stadium wil dit begin lyk asof die huidige bewindhebbers van die ANC net 'n plan het, maar dat dié plan vir baie mense onbekend en die rigting onseker is.

Daar word ook toenemend gesien dat derduisende mense wie se regte, voorregte en status kwansuis in die Grondwet gewaarborg is, van die "droom" uitgesluit word. Daar is reeds gesien dat ons president hom nie laat bind deur dit wat in die grondwet staan nie, dat 'n veroordeelde bedrieër vrygelaat word omdat die president glo hy is terminaal siek. Dat Julius Malema die regte van vroue, selfs mense van sy eie kultuur, vertrap.

Maar nog nie een keer het enigiemand binne die ANC gewaag om enige vergrype deur enige ANC-bewindhebber, van watter aard ook al, te veroordeel en te repudieer nie. Nee, dit is nie meer 'n droom nie - dit begin meer lyk na 'n nagmerrie!

(Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13, Rustenburg).

Nuwe vullishoop?

Die redakteur,

Haai, ek sien Rustenburg het 'n nuwe vullishoop hier reg voor ons deur gekry.

Wat 'n gemors, doen jouself 'n guns en gaan kyk hoe lyk dit in Santolinalaan (langs die ou Kloofpad), net om die draai waar jy uit Cycad in Santolina indraai.

Dit is iets om te sien! Nie net gewone vullis nie, alles, tuinvullis, kombuisvullis en selfs bourommel word hier afgegooi en ons moet elke dag wanneer ons by ons voordeur uitstap of daardie pad ry, in die groot gemors vaskyk.

Die gemors word al meer en groter en ek vra asseblief dat die Rustenburgse Munisipaliteit moet kom kyk wat hier aangaan en iets omtrent die saak doen asseblief. Dit kan nie so aangaan, dit ruik sleg en dit lyk regtig nie goed nie.

Help ons asseblief dat ons ook in 'n mooi versorgde area kan bly en nie in 'n "dump" nie.

Dankie

Inwoner van Rustenburg.

Help dié wat hulleself wil help

Die redakteur,

Ek wil graag 'n voorstel maak wat almal in Rustenburg en omgewing kan raak. Geen fisiese inspanning sal nodig wees nie en mense sal voel hulle gee betekenis aan iemand se lewe.

Die mense wat op straathoeke staan en bedel is vir almal 'n kopseer, maar wat doen ons regtig om dit te stop. As Christene gee ons 'n geldjie of gee ons nie? Is die man/vrou te sleg om te werk of is daar regtig nood in die persoon se lewe? Hierdie is vrae wat ons elke dag vir onsself vra as ons verby die persone ry. Gesigte van 'n ma wat vir 'n blinde man bedel met 'n baba op haar rug is 'n alledaagse ding en dit raak enige mens wat dit sien. Kan ons regtig ons rug op dit draai en maak asof ons dit nie raaksien nie. Wel, ek glo dit is elkeen van ons se plig om ons deel te doen.

Ek stel voor ons druk kaartjies teen die goedkoopste manier moontlik wat enige persoon in die dorp kan gebruik deur net sy besonderhede (plek waar jy wil hê die persoon moet vir jou werk) daarop te skryf en vir die bedelaar te gee. Die doel van die kaartjie is om vir die persoon in nood 'n geleentheid te gee om te werk vir 'n dag se loon. As so 'n persoon dan vir homself 20 of 30 kaartjies bymekaar kan maak, sal hy/sy verseker wees van 'n maand se werk en kos vir die gesin.

Die konsep is oop vir voorstelle, maar ek dink regtig dit kan werk as die persone wat bedel regtig bereid is om te werk vir kos.

Laat weet maar wat julle dink - kontak my by 082 878 1052.

Kobus de Beer.

Noodtoestand

Die redakteur:

Suid-Afrika verkeer in 'n nasionale veiligheidsnoodtoestand, en 'n noodtoestand behoort dadelik afgekondig te word.

Die land neem met afgryse kennis van die grusame moord op die 17-jarige Anika Smit van Theresapark in Pretoria. Die vermoorde jong meisie wie se hande tussen haar polse en elmboë afgesny is, is vermoedelik ook verkrag. Nog 'n dag in Suid-Afrika, nog 'n grusame moord. Die regering is lank reeds nie meer in beheer van die misdaadsituasie nie. Die erkenning van die Kommissaris van die SAPD vroeër die week dat van die ergste misdaad in Suid-Afrika aangetref word, is nie goed genoeg nie. Die SAPD alleen kom nie die mas op nie.

Die regering moet die misdaadsituasie in Suid-Afrika tot 'n nasionale prioriteit verklaar en dienooreenkomstig optree. Die staat het reeds sy burgery gefaal. Mense se bewegingsvryheid behoort ingeperk te word, veral wat die toestroming van onwettige immigrante oor Suid-Afrika se landsgrense betref. Die minister van polisie het onlangs verklaar dat plaasmoorde as "gewone misdaad" beskou word en nie prioriteit regverdig nie. Die ANC-regering en polisie speel met vuur deur die plaasmoordsituasie af te lag en as onbelangrik te beskou.

Die onvermoë van die regering om sy burgers te beskerm, onverantwoordelike uitlatings deur ANC-politici soos Julius Malema met sy gewraakte "..kill the boer..kill the farmer" en swak dienslewering, gaan toenemend lei tot burgerlike ongehoorsaamheid. Die SAPD het feitlik boedel oorgegee en erken dat hulle nie die mas opkom nie. Rustenburg self beleef misdaad wat tel onder die vyf top misdaadsentra in die land. Die polisie se onvermoë het verder veel daarmee te make dat die ergste rassisme denkbaar in die polisie voorkom en blanke polisielede word ten alle koste "uitgewerk" en alle bevordering van blanke polisielede is lank reeds gestaak.

Gewalg deur polisie

ID gevind

RUSTENBURG - Die identiteitsdokument van mnr Johannes Cornelius van Dijk (IDno 860523 511 4087) is op die perseel van Oom Manie se Biltong (Kloofsentrum) gevind.

Die dokument kan hier afgehaal word of skakel 014-592 5368 vir meer inligting.

Dankie aan weldoeners

Die Redakteur:

Dit is so min dat mense nog uit hul pad gaan om iemand in nood te help, maar vandeesweek wil ek graag drie barmhartige Samaritane van harte bedank vir hul hulp.

Op Vrydag, 12 Maart om ongeveer 12:00 het my Toyota-bakkie se "ball joints" die gees gegee in die parkeerarea van die Magalies View-inkopiesentrum. Die voertuig het ander motoriste se pad versper maar dit was onmoontlik om die voertuig uit die pad te kry.

Twee jongmense ('n man en dame) het hul bes probeer om my van hulp te wees en het later die hulp van nog 'n jong man, werksaam by Spotlight, ingeroep.

Hulle kon later daarin slaag om my voertuig uit die pad te kry. Ek wil net baie baie dankie sê dat julle tot my redding gekom het. As daar meer jongmense soos julle was, sou ons land seer seker 'n beter plek gewees het.

Hilda Odendaal.